INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel |
|---|---|---|---|
| 0 0 4 3 | 9 8 0 8 2 2 2 3 4 | 1 | 3 3 2 0 |

2 A

DIE BURGER Jg........ Nr........ P. 17 Dat. 22 AUG 1998

# Vakunies eis reeks belastingverhogings

Hein Swart

**KAAPSTAD. – Drie vakverbonde het voorgestel dat belasting op rykes en maatskappye kwaai verhoog word om te betaal vir die R50 miljard wat nodig is om miljoene werkgeleenthede te skep.**

Afgesien van hoër inkomste- en maatskappybelasting, word ook nuwe belastings voorgestel, soos 'n solidariteitsbelasting, 'n opleidingsheffing, 'n kapitaalwinsbelasting, 'n belasting op ingevoerde goedere en die herinstelling van die vorige stelsel van voorgeskrewe beleggings.

Mnr. Zwelinzima Vavi, adjunkhoofsekretaris van Cosatu, wat gister by die Parlement die besonderhede van die georganiseerde arbeidsektor se werkskeppingsvoorstelle vir die voorgenome werkskeppingsberaad bekend gemaak het, het gesê arbeid se voorstelle bestaan uit 'n gestruktureerde pakket van voorstelle wat deeglik nagevors en prakties uitvoerbaar is. Hy het ook namens Fedusa en Nactu gepraat.

Dit behels 'n totaal van 21 werkskeppingsprogramme en 8 finansieringsprogramme. Die grootste program is 'n huisbouprogram wat die oprigting van 'n miljoen huise en wat alleen 1,43 miljoen nuwe werkgeleenthede sal skep. Dié program sal tot R35 miljard kos.

Ander programme sluit in die vestiging van 'n aantal jeugbrigades wat R2,4 miljard per jaar sal kos en deeltydse werk in die openbare dienssektor aan 500 000 sal skep. Dit is gemik op skoolverlaters wat nog nie besluit het wat hulle wil doen nie. Hoewel hulle vrywillige werkers sal wees, sal hulle R400 per maand betaal word.

Voorts sal 50 000 werkgeleenthede in die staatsdiens behou word deur die oorplasing van oortollige werkers in sommige departemente na departemente waar daar groot tekorte is, soos gesondheid en opvoeding. Nog 56 000 werke sal gered kan word deur die herstrukturering van die nywerheidsektor.

'n Verdere voorstel is om te verhinder dat invoertariewe te vinnig te gou verlaag word. Nog 30 000 werkgeleenthede kan gered word deur onwettige invoer te keer.

Die vakverbonde stel ook voor dat alle werkloses maandeliks 'n basiese inkomstetoelaag van R100 ontvang, wat jaarliks tot R23 miljard sal kos.

Ander programme sluit in die bou van nuwe infrastruktuur, die verbetering van produktiwiteit en die veredeling van grondstowwe.

Wat die finansieringsprogramme betref, verwerp die vakverbonde die Regering se demutualiseringsheffing van 2,5% op die gratis aandele wat polishouers binnekort gaan ontvang. Die geld is bestem vir die Umsobomwu Fonds wat vir die staat se eie werkskeppingsprogramme aangewend sal word. Die vakverbonde stel in die plek daarvan voor dat elke werker een dag se salaris per jaar hiervoor skenk, wat saam met ander bydraes tot R2 miljard kan oplewer.

Die herinstelling van voorgeskrewe beleggings word gevra, wat pensioenfondse en versekeringsmaatskappye sal verplig om 10% van hul beleggingsgeld in huisverbande en Hop projekte te belê. Dit kan R50 miljard per jaar oplewer.

Die derde voorstel is 'n solidariteitsbelasting van byvoorbeeld 7,5% op alle persoonlike inkomste bokant 'n sekere vlak, wat R5 miljard kan oplewer. Verder kan R5 miljard van Sasria se reserwes van R9,5 miljard vir werkskepping opsygesit word.

Die marginale belastingkoers op

TREFWOORDE

1 Sake Burger
2 Cosatu
3 vakbonde
4 voorstelle
5 belasting
6 Regering
7 maatskappye
8 werkskepping
9
10

INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 3 | 9 8 0 8 2 2 2 3 4 | 1 | 3320 B |

DIE BURGER Jg. 84 Nr. ........ P. 17 Dat. 22 AUG 1998

mense wat jaarliks R400 000 en meer verdien, moet van 43% tot 55% opgestoot word, alle kapitaalwinste bokant 'n sekere minimum moet belas word, 'n spesiale aksynsbelasting moet op weelderige ingevoerde goedere gehef word en maatskappybelasting moet ook opgestoot word.

Nog geld kan bekom word met die instelling van 'n betaal-namate-jy-vorder-pensioenstelsel in die staatsdiens. Tans betaal die staat meer in die pensioenfonds as wat jaarliks uitgekeer word. Dit moet verander word na 'n stelsel waar sy inbetalings net gelykstaande aan die jaarlikse uitvloei moet wees.

Opgehoopte fondse van die NOK, OBSA en die WNNR kan voorts beter benut word. Alle maatskappye moet ook verplig word om 'n opleidingsheffing te betaal wat tot 4% kan styg.

● Intussen het die DP skerp kritiek gelewer op die werkskeppingsvoorstelle van vakverbonde. Mnr. Ken Andrew, DP woordvoerder oor finansiële sake, het gesê van die voorstelle is niks anders as "Sowjet styl beleid" nie, wat reeds orals as ondoeltreffend gebrandmerk is.

"Die voorstelle is 'n verdere bewys dat die arbeidsektor alles in sy vermoë sal doen om die Regering se makro-ekonomiese groeibeleid Gear te ontspoor," het Andrew gesê.

● Die finale datum van die Werkskeppingsberaad sal aanstaande week aangekondig word, het mnr. Alec Erwin, Minister van Handel en Nywerheid, aangekondig.

Erwin, wat onlangs die voorsitterskap van die reëlingskomitee by mnr. Tito Mboweni, voormalige Minister van Arbeid oorgeneem het, het gesê dat die finale reëlings vir die beraad nou fluks vorder en dat dit beslis teen die einde van Oktober gehou sal word.

TREFWOORDE

1 ................
2 ................
3 ................
4 ................
5 ................
6 ................
7 ................
8 ................
9 ................
10 ................